**Philip John**
Philip John is navorsingsgenoot in die Skool vir Tale, Media en Kultuur, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth.
E-pos: phjohn@webmail.co.za

# Die mondelinge oorlewering oor Ruitertjie Ruiters, "Leeu van die Langkloof"

**The oral narratives on Ruitertjie Ruiters, "Lion of the Langkloof"**

This article deals with the life and heritage of Ruiter Ruiters, a man who lived in the Langkloof area of the Eastern Cape and who attained legendary status. Ruiters was born during the second decade of the 20th century and started a career of petty crime, serving a number of short jail sentences. His "career" became a matter of concern when he started developing a reputation for easily evading apprehension. After a manhunt lasting two years and a court case in which he was charged with over eighty offences he was declared a habitual criminal in 1948. The focus of the article is not the biographical Ruiters, but rather the oral testimonies on his exploits recorded in the Langkloof and other areas at the end of the 1990s. The article relates these oral narratives to the Khoe heritage, specifically the stories on Heitsi Eibib. It concludes that in their renderings the storytellers make use of a number of heterogeneous cultural sources. **Key words:** Ruiter Ruiters (legend of), Afrikaans oral tradition, Lion of the Langkloof, Khoe oral tradition.

## Inleiding

Soos wat die reikwydte van televisie en selfone toeneem oor die landskap en al minder elektronies-vrye skaduwees oorbly, so kwyn ouer vorme van singewing waarvan orale oorlewering een van die belangrikste was, veral wat sekere gemeenskappe betref. ʼn Voorbeeld van so ʼn oorlewering is dié oor ʼn man van Kareedouw in die Langkloof-area in die Oos-Kaap, Ruiter Ruiters, ʼn soort Dirk Ligter-figuur. Ruitertjie Ruiters, soos hy ook genoem is, het op die hoogtepunt van sy "loopbaan" bekend gestaan as "Die Leeu van die Langkloof" (HDA 2/2/1948, HDA 28/4/1949). Soos Dirk Ligter van die Sederberge was hy tuis in die berge, in sy geval die Kouga- en Outeniekwaberge waarmee die Langkloof in die omgewing van Kareedouw omring word. Soortgelyk aan Dirk Ligter het hy ʼn legendariese vermoë gehad om deur dié landskap te beweeg en sy agtervolgers te ontduik. En soos Dirk Ligter was hy ʼn nasaat van die Khoe-bevolking vir wie almal – wit en bruin – ontsag gehad het.

In ʼn insiggewende bespreking van Dirk Ligter wys Hennie Aucamp op ʼn aantal leemtes in die navorsing oor Dirk Ligter waarvan die belangrikste volgens hom "veldwerk" is oor die figuur (Aucamp 1987). Met betrekking tot Ruitertjie Ruiters het ek dit gelukkig getref deurdat ek in staat gestel is om ʼn begin te maak aan die soort veld-

werk waarna Aucamp verwys. Vertellings oor dié Ruiter Ruiters is gedurende 2004 opgeteken in die Baviaanskloof en Langkloof as deel van ′n projek om die mondelinge oorlewering van die Khoe-nasate in dié gebiede op te teken en te ondersoek. Die inisiatief vir hierdie projek het uitgegaan van die Inkwahuis, ′n groep wat deel is van die Khoe-herlewingsbeweging van die 1990′s en wat die herstel van die Khoekultuur as oogmerk het.

Hoe belangrik hierdie soort navorsing is, het gou duidelik geword. Tydens die optekening was dit opvallend dat die jongmense wat gevra is of hulle iets weet van Ruiter Ruiters, amper sonder uitsondering geen kennis van hom dra nie. Heelwat ouer mense het ook aangedui dat hulle nie van hom weet nie, terwyl ander weer nie oor hom wou praat nie, onder meer omdat hulle hom beskou as ′n minder aangename deel van hul erfenis. Die tien informante wat wel stories oor hom kon onthou en vertel, is almal oor die sewentig jaar oud. Dit is waarskynlik dat die oorlewering oor Ruiter Ruiters saam met hierdie mense sal verdwyn, en daarmee saam ′n fassinerende deel van die Afrikaanse kultuurlandskap.

Ofskoon Aucamp in sy artikel op die belangrikheid van veldwerk gewys het, fokus hy in sy artikel hoofsaaklik op die skriftelike verwerking van die Ligter-gegewe, te wete in die werk van Boerneef. Naas die veldwerk oor Ruitertjie Ruiters probeer ek met hierdie artikel die lig werp op ′n ander sy van die onderwerp, naamlik op die manier waarop die historiese gegewe – figure soos Ligter en Ruiters – in die mondelinge tradisie vorm kry en voortleef. Alhoewel ondersoek oor die historiese Ruiter Ruiters – op sigself ′n fassinerende onderwerp – hierby bysaak is, is daar ook ′n poging aangewend om hieraan ′n begin te maak. Dié sy van die navorsing, soos enkele opmerkings oor "skelm"-figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis hieronder, dien ′n kontekstualiserende funksie.

**In die marges, buite die gevestigde orde**

Die deel van die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap waar die historiese Ruiter Ruiters in die eerste plek inpas, het te make met mense wat buite die gevestigde orde leef, soos die figure waarop Nigel Penn fokus in sy boek, *Rogues, Rebels and Runaways. Eighteenth Century Cape Characters* (1999). Al hierdie figure kan as misdadigers bestempel word, soos ook die geval is met Ruiter Ruiters. Hulle is almal mense wat op ′n bepaalde punt die reëls van die heersende samelewing verwerp en op verskillende maniere daarteen in opstand kom, soos wanneer ′n soldaat dros, ′n slaaf wegloop, ′n werker of ′n gewone mens begin steel, roof of moor, of bloot net weier om te werk. Die hedendaagse "model" vir hierdie soort figure is waarskynlik die reeksmoordenaar, soos gesuggereer word deur die populariteit van rolprente en televisieprogramme oor sulke figure.

Volgens Penn was mense wat buite die reëls van die gevestigde orde geleef het, van die begin van die Europese geskiedenis aan die Kaap, deel van hierdie geskie-

denis. Hy skenk veral aandag aan die optrede van slawe wat tot hul vrystelling vanaf 1836 deel was van die vesel van die Suid-Afrikaanse samelewing, en aan die maniere waarop van hulle teen die bestaande orde in opstand gekom het. Die "tradisie" waaroor hy skryf het egter nie verdwyn met die verdwyning van die slawerny-instelling in Suid-Afrika nie – die soort misdaad en rebellie waaroor hy skryf het voortbestaan, in ander vorme en onder ander groepe.

Hoe wydverspreid die fenomeen op die Suid-Afrikaanse platteland was, is te sien uit ′n hoofstuk wat Lawrence Green wy aan misdaad in die Karoo en die versameling skelms oor wie hy skryf (Green 1955). Elke streek van die land sal waarskynlik soortgelyke figure oplewer, soos die Klaas Waters waarna verwys word in ′n artikel oor Namakwaland (Kotzé 1976: 25).

In die geval van die Oos-Kaap word Ruiter Ruiters voorafgegaan deur ′n hele rei sulke figure in die negentiende eeu, waarvan sommige heel kleurvol is. Een van die figure wat gemoedere byvoorbeeld duidelik gaande gehad het, was ′n ene Bertram, ook bekend as Legaga en Bitterhout (UT 28/12/1866, 8/3/1867, 31/5/1867, 5/7/1867). Hy is, onder andere, verdink van die moord op ′n bekende figuur in Graaff-Reinet, ′n Mr. Spiller. Bertram het ook verskeie kere uit aanhouding ontsnap wat tot sy berugtheid bygedra het (UT 28/12/1866, 31/5/1967, 5/7/1867).Tydens een van sy verhore in Graaff-Reinet is hy beskryf as "insolent" en het hy ′n polisiebeampte soos volg aangespreek: "Do they think that I have no money? I have plenty of money; and when I come back from the station I'll buy up Mr R's [die magistraat] horses, and erf and all" (UT 12/4/1867).

Van nog ′n figuur, William Peters, wat van moord beskuldig word, word gemeld dat hy ′n uitsonderlike fluitspeler is (UT 28/6/1867). Gert Roots, wat ook verdink is van betrokkenheid by die Spiller-moord, weer, het hom onderskei as "accordeon"-speler (UT 22/6/1866). Die *Willowmore Advertiser* van 2 April 1884 berig by herhaling oor ′n "Hottentot"-man wat vroueklere dra en vrouens net buite die dorp in die veld terroriseer. ′n Belangrike komponent van die "kultuurlandskap" waaroor dit hier gaan, is die manier waarop verteenwoordigers van die gevestigde orde op die aktiwiteite van hierdie a-sosiale figure reageer. Die twee oorheersende reaksies is angs en geweld. Een van die interessantste perspektiewe op die landskap waaroor dit hier gaan, kom in reaksie op die doodskiet van "Lang Klaas" in die Winterhoek-area deur ′n boer, Hendrik Gerber ("The shooting of Lang Klaas", WMC 27/1/1871). Wanneer Gerber in Uitenhage aangehou word en die boeregemeenskap meen dit is onregverdig, organiseer hulle ′n fondsinsameling om vir sy verdediging te betaal, aangesien hy dit nie self kan bekostig nie (WMC 3/2/1871).

Die streekskoerant stel dan ook verder ondersoek in na die oorlede Lang Klaas se geskiedenis en kom vorendag met ′n voorstelling wat nie vreemd aan die mondelinge tradisie sou wees nie. Wat hier belangrik is, is om te sien dat figure soos Ruiter Ruiters – en die oorlewering oor hom – bestaan binne ′n besonder gespanne konteks

waar die maak en vertel van verhale deel is van die vesel van hierdie konteks en die sosiale en kulturele spanninge kenmerkend van dié konteks. Vir die doeleindes van hierdie artikel is dit in hierdie verband nie belangrik om te weet of hierdie "rekonstruksie" van Lang Klaas se doen en late feitelik korrek is, of nie. Wat belangrik is, is om te sien hoe naby aan mekaar feit, fiksie en mite by hierdie soort vertellings lê:

> He is said, by the Kafirs who knew him, to have killed a white man and a Fingo in Kaffraria, and then to have fled to the Colony, changing his name, which had been "Jack" to "Klaas". While in the Fort Beaufort District he committed a theft and was caught and sent to the Katberg Convict Station, but soon effected his escape, and fled towards the Karroo. While passing through the Somerset District he stole a lot of sheep from Calighan of Braak River. He was ultimately caught and sent to the Somerset gaol to await his trail. He effected his escape from that prison and went to Drie Koppen; and there he stole a lot of goats, was caught and lodged in the goal there to await his trial. But not finding that a comfortable place, he knocked one of the constables down and again effected his escape. From thence he proceeded to the Winterhoek, and entered the service of Mr. Joseph Hayward; while in Mr. H's service he caused the death of his wife and unborn infant by kicking her on the abdomen, and beating her over the head with a stone ("A few facts about the Kafir recently shot in the Winterhoek", WMC 10/2/1871).

Tydens die onderhoude het van die informante melding gemaak van nog figure, soortgelyk aan Ruiters, wat in dieselfde tyd as hy in die Oos-Kaap mense se aandag getrek het. Mev. Helen Loff vertel van 'n ene May van Vuuren wat in die 1940's rondom Oudtshoorn bedrywig was. Meneer Jan Kleynhans vertel van Piet Matthys wat ook in die 1940's in die Uniondale-area 'n skrikbewind gevoer het en selfs mense doodgeskiet het. Hy is toe self uiteindelik in 'n skietgeveg met polisie dood.

**Ruiter Ruiters**

Baie van die elemente wat in die voorafgaande bespreking figureer, is ook teenwoordig in die geval van Ruiter Ruiters. Wat hom onderskei van hierdie ander figure, is dat hy waarskynlik 'n groter merk op die historiese rekord gelaat het, sowel in die Suid-Afrikaanse Argief as in die persrekord.

In die Nasionale Argief, Kaapstad het ten minste sewe dossiere behoue gebly van sake waarin Ruiter Ruiters die aangeklaagde was in die Humandorpse Magistraatshof (Sake 93/34, 264/36, 8/37, 204/40, 75/42, 91/42 en 107/48). Die aanklagte wissel van veediefstal, huisbraak tot aanranding. In Saak 8 van 1937 is hy aangekla van aanranding met die doel om ernstig te beseer, maar is hy waarskynlik onskuldig bevind. Die saak waaraan hy sy reputasie te danke het, Saak 107 van 1948, bestaan uit 88 klagtes, uiteengesit in 'n dossier van oor die tweehonderd bladsye. Dit was op grond van sy

skulderkenning en skuldigbevinding in hierdie saak dat hy tot gewoontemisdadiger verklaar is en ʼn onbepaalde tronkstraf opgelê is.

Die biografiese gegewens wat uit die dossiere afgelei kan word, is redelik skraps en onpresies. Die SAP 78-vorm in die 1948-dossier verskaf die meeste besonderhede oor sy uiterlike, onder meer dat hy ʼn klein snor dra, dat hy ʼn geboortemerk aan die regterkant van sy neus en sy lip het, en dat hy getatoeëer is: "Cross and tombstone right breast. Star (8 points) pierced heart and "True Love" left breast. Wrist watch left forearm".

Dit is waarskynlik dat hy tussen 1910 en 1914 gebore is (waar presies, is nie duidelik nie). Volgens die kriminele rekords wat in die dossiere ingesluit is, het Ruiter Ruiters sy eerste vonnis op 16 Junie 1926 ontvang vir "Theft by conv.", waarvoor hy £3 of een maand harde arbeid gevonnis is. Indien die ouderdomsaanduidings korrek is, sou hy toe min of meer 13 jaar oud moes gewees het. Sy volgende skuldigbevinding lei op die 14 Oktober 1929 tot ʼn vonnis van twee en ʼn half jaar harde arbeid vir "Assault to harm". Ongelukkig kon die dossier van hierdie saak nie opgespoor word nie.

Dit is waarskynlik dat Ruiter Ruiters voor vonnisoplegging in die 1948-saak na hierdie 1929-vonnis van hom verwys in die skriftelike verklaring wat hy aan die hof voorgelê het omdat hy "baie hakkel":

> Ek weet dat ek kwaad gedoen het, maar dit is wat gebeur nadat ʼn mens in die tronk was. Die mense van Humansdorp het almal geweet dat ek in die tronk was en daarom het ek dit moeilik gevind om werk te kry. Ek moes gevolglik ʼn poging aanwend om kos in die hande te kry.
>
> Ek wil die hof vra om my genadig te wees. Ek sal nie weer my hande in die vuur steek nie want ek weet nou dat dit sal brand" ("Ruiter Ruiters tot Gewoontemisdadiger deur Strafhof verklaar", RE 22/9/1948).

Vanaf 1929 is hy reëlmatig gevonnis vir misdrywe wat met diefstal gepaard gaan, tot hy in 1943 ʼn vonnis van twee jaar opgelê is en weer in 1944 ses maande, albei vir huisbraak en albei in Oudtshoorn. Dit is waarskynlik dat hy aan die einde van 1945 vrygelaat is uit die tronk as deel van die "V.J. Day" amnestie (HDA 28/4/1949).

Dit lyk asof Ruiters na sy vrylating in 1945 baie aktief begin raak het in die area tussen Kabeljous, Humansdorp en Kareedouw. Dit is vanaf hierdie tyd dat hy spesiale aandag van die polisie begin kry het en dit is ook in hierdie tyd dat sy reputasie tot stand gekom het as onnutsige misdadiger met ʼn sin vir humor. Hierdie sy van Ruiters kom veral na vore in die aandag wat hy in die pers gekry het na aanleiding van die aanloop tot die 1948-saak.

Twee episodes kan as voorbeelde dien. By een van sy geliefkoosde besoekplekke, die hotel op Assegaaibosch, het hy op 27 Desember 1946 ʼn mnr. Harrower van Port Elizabeth se skoene gesteel nadat hy al die skoene wat in die gang gestaan het, aangepas het (HDA 20/2/1947, HDA 23/1/1947, RE 24/3/1948). Tydens een van sy steeltogte

het hy ′n skeerstel gesteel en toe by die buurhuis ingebreek, daar die eerste skeerstel agtergelaat en is hy met die buurman se skeerstel vort (HDA 28/4/1949, HDA 8/5/1947).

Ruiters se ondeundheid en "parmantigheid" spreek ook uit sy houding teenoor die polisie. Sersant Boshoff, die stasiebevelvoerder van die Kareedouw polisiekantoor, het Ruiters op ′n keer agtervolg en ′n skoot op hom gelos toe dit duidelik geword het dat hy hom nie kon inhaal nie. As antwoord het Ruiters toe ′n boodskap by dié polisieman laat aflewer met die woorde (waarskynlik in Afrikaans): "You may be able to shoot, but you can′t walk with me" (HDA 28/4/1949). Op 2 Januarie 1947 het mnr. M.S. Kolesky van Melkhoutkraal vir Ruiters betrap na hy ′n skaap in die veld gesteel en geslag het. Terwyl die boer besig was om Ruiters na sy huis te neem, het Ruiters by ′n draadheining ontsnap. Die boer het hom gewond, maar hy het weggekom. Toe die boer later weer na die kamp terugkeer, was die geslagte skaap weg (RE 24/3/1948; HDA 23/1/1947).

Die kampanje in die Langkloof om Ruiters te vang, het net langer as twee jaar geduur, vanaf Oktober 1945 tot en met sy gevangeneming op 14 Februarie 1948. In die getuienis wat aan die hof voorgelê is deur polisiemanne wat met die soektog belas was, kom ′n lewendige beeld na vore van Ruiters se lewe as vlugteling. Hy blyk wel getroud te gewees het, anders as wat van die hedendaagse informante oor hom dit het (HDA 18/3/1948). Volgens een berig het hy ook op verskeie plekke in die Langkloof minnaresse gehad (HDA 28/4/1949). Totdat sy vrou gearresteer is ′n paar weke voor sy gevangeneming (HDA 28/4/1949), het hulle op verskeie plekke in onherbergsame dele van die berge rondom Kareedouw gewoon in hutte wat waarskynlik deur Ruiters gebou is. In ′n berig wat, onder andere, oor sy gevangeneming berig, word verwys na ′n "wattle and daub hut", dus nie ′n tydelike blyplek nie (HDA 28/4/1949).

Na sy onderonsie met die boer Kolesky op die plaas Melkhoutkraal naby Kareedouw het die polisie een van sy skuilplekke opgespoor. Dat hy en sy vrou hier ′n byna normale lewe gelei het, spreek uit die kat wat hy aangehou het, en die feit dat hy ′n groentetuin aangelê het (HDA 23/1/1947). Die objekte wat Ruiters gesteel het, vertel hul eie verhaal oor hom: kos, stewels, ′n grammofoonspeler, kitare, kitaarsnare (HDA 18/3/1948), skeermeslemmetjies, ′n verkyker, fietse, drank. Hy het ook vuurwapens gesteel (HDA 8/5/1947, HDA 18/3/1948), maar dit nooit gebruik nie. Een van die wapens wat hy gesteel het, is later in ′n verbrande toestand teruggevind, moontlik deur Ruiters self beskadig (HDA 18/3/1948).

Dit is duidelik dat sy bedrywighede die mense van die omgewing in beroering gehad het. Die bruin gemeenskap is daarvan verdink dat hul hom simpatiek gesind was en selfs bygestaan het in sy skelmstreke. Blanke inwoners van Kareedouw het die "whistling signs [that] are heard around Karreedouw at night" met hierdie veronderstelde ondersteuning uit die bruin gemeenskap geassosieer (HDA 8/5/1947).

Reeds in hierdie tyd is daar ongewone magte aan hom toegeskryf, naamlik dat hy homself onsigbaar kon maak (HDA 28/4/1949). Baie mense het ook geglo dat hy ′n

bottel by hom gehad het met 'n spesiale plantwortel daarin. Die water in dié bottel het begin kook wanneer die polisie naby aan hom gekom het.

Die duidelikste indruk wat hierdie soort verhale laat, is van 'n web stemme en stories wat oor die land sirkuleer om 'n figuur soos Ruiter Ruiters. Hieruit is dit ook duidelik dat die verhale deel vorm van die stryd tussen individue en groepe.

Wanneer Ruiter Ruiters na die 1948-saak en die onbepaalde vonnis uit die tronk gekom het, is nie bekend nie. Hy is aan die einde van die 1990's oorlede in Kareedouw.

Dit is duidelik dat die *historiese figuur* Ruiter Ruiters materiaal vir 'n fassinerende studie bied, soos die "mikrogeskiedenisse" van Nigel Penn in sy versameling studies oor misdadigers in die agtiende eeuse Kaap, *Rogues, Rebels and Runaways. Eighteenth Century Cape Characters* (1999). Hier gaan dit egter oor iets anders, naamlik spesifiek die *oorlewering* oor die figuur, waarvan vervolgens voorbeelde verskaf word.

**Die oorlewering**

Soos reeds genoem, kom die hieropvolgende vertellings uit onderhoude gevoer en opgeneem in die noordelike voorstede van Port Elizabeth en in die Langkloof en Baviaanskloof-areas van die Oos-Kaap gedurende 2004. Slegs relevante gedeeltes van hierdie onderhoude word hier weergegee.

'n Gedeelte van Ant Hes Swartz se vertelling kan dien as inleiding en opsomming:

> Hy't bokke geslag en hy't winkels ingebreek hier in Kareedouw. Dan gaan hy vandag voorkom, vanaand is hy uit die tronk uit. Hy't 'n dingetjie gehad by hom, lyk dit my. As hulle hom nou vanaand vang, dan kry jy hom diep in 'n kloof, môre as die skuttrok kom, is hy weg. Nou weet ek nie wat daar aangaan nie.

In hierdie woorde is die feitelike en die ongewone, die materiaal waarvan die legende gebou is, bondig teenwoordig, soos ook in Oupa Pieter Abrahamse se antwoord op die vraag of hy iets weet van Ruiter Ruiters:

> Ruitertjie Ruiters? Ooo, Ruitertjie Ruiters. Ons het mos saam gejob. Ons het by een plaas gebly hier oender. Ruiter Hakkelaar het ons vir hom gesê, Ruiter [?] Kaan [uitspraak onduidelik]. Nou ja, ons twee het saam hierso onderkant die Heights … daar't ons saam gewerk, ingeslaap, ek en hy. Toe's hy 'n jongman en ek 'n jongman. Ruiter Ruiters. Hy's mos nou al dood.
>
> Toe't hy begin, toe al die stories begin, toe gaan hy en ek uitmekaar uit. Toe gaan hy mos, hoe sê mens, daar na Namakwaland toe. Hy kom daarvandaan met dié stories. Hy was 'n Namakwalander. Hy kom daarvandaan met sy baie neukery.
>
> Hy was mos 'n man wat sommer, toe hy daarvandaan gekom, dan het hy soos hulle mos sê, goete gevat. Hy't nooit mense gedood nie. Dan vang hulle hom, maar hulle kan hom nooit in die hande kry nie. Dan raak hy sommer weg.

> Ek kry hom een dag hier onder daar by die laan. Toe vra ek hom, "Jong, hier's so baie neukery." Toe soek hulle vir hom. Toe het hy al weer lol, … Toe sê hy, "Nee man, hoekom het jy nie saamgegaan daai keer, wat…" Ek sê… "Die boere soek hom al weer." Toe sê hy, "Ek moet loop, hulle is nou naby." Toe hy hier kom, loop hy net so 'n paar tree. Hulle vra vir my, het ek nie Ruiters gesien nie? Nou weet ek nie hoe moet ek sê nie, hy het dan nou hier by my geloop. Ek sê, "Ruiters het nou hier geloop hier af." Toe staan hy net daar. Toe vra ek, "Jong, wat het jy nou weer gemaak?" Toe sê hy, "Hulle het my nie gesien nie."
>
> Ek het hom gevra, wat maak hy dat hy so… hy wou nie sê nie. Ek het baie by hom gaan kuier, daar in Kareedouw, daar waar hy nou dood is. Hy was in Kareedouw. Daar het hy gebly, na hy van Robbeneiland uitgekom het. Toe hulle hom gevang het, toe sit hulle hom mos nou daar. Daai tronk. Robbeneiland. Ek weet nou nie watter jare dit was wat hy daar was nie, maar hy was 'n hele rukkie, tydjie. Oorlat hulle…
>
> Kyk, hulle het hom hier in Kareedouw in die tronk gesit. Toe die boere daar kom, is daar niks in die tronk nie. Toe's daar niks in die tronk nie.
>
> Toe dink hulle nou hulle gaan hom op Robbeneiland sit waar hy tussen die waters is. Daar waar Mandela ook mos maar was.

In die koerantartikels wat oor Ruiters verskyn het, word gemeld dat hy gehakkel het, en dat Oom Abrahamse hierdie detail onthou, sestig jaar na die tyd, bevestig die geloofwaardigheid van sy vertelling. Dit gee ook 'n aanduiding dat Ruiters 'n diep indruk op hom moes gemaak het. In sy vertelling lê hy ook klem op die legendariese manier waarop Ruiters reggekry het om sy agtervolgers te ontwyk en om uit die tronk te ontsnap.

In die vertelling van Oom Stephen Witbooi is hierdie elemente ook teenwoordig, tesame met meer detail:

> 'n Groot skelm. Nou ja, een dag gaan ek ook hier af. Ken jy daai plek as jy van, as jy daar onderkant Joubertina gaan mos so 'n lang vlakte af, daar staan mos Kouga, of hoe? … Twee Riviere… Twee Riviere gaan mos so oor die pad. Gaan ons hier af eendag. Dis donker. Toe het daai selfde Ruitertjie is daar in die bos. Hier jaag die poliese en ander plaaswerkers hom met honde en goete. Daar hardloop hy. Almal sien hom. En hy spring onderwater in en phiff! skoon weg. Jy sien net so 'n rietjie bo die water uit, maar jy sien hom nie. Dis hý gewees. Toe is dit hy. Hy het die riet in sy mond. Hy trek lug hier van bo af. Jong, daai jong was skelm, maar hy was ougat gewees… Hy het nie so gesteel soos die mense van vandag nie wat tronk toe gaan nie. Nee, hy steel vir almal, vir 'n plesier. Vir die wit mense ook, dit was vir 'n plesier. Hulle jaag hom, die polisie jaag hom. Tussen die donkies. Hy jaag donkies aan. Hy jaag ook donkies aan. Hulle weet nie nou wie dié hier is nie. Want die man wat ons jaag, jaag dan ook donkies aan. Hulle weet nie of hulle hom moet vang nie,

> of wat. Hy het gaan loop in Humansdorp. Hy het self tronk toe gegaan. Toe sien hulle, "God, maar hier is Ruitertjie tussen ons."

In Oom Stephen se woorde kom een van die eienskappe wat met skelms geassosieer word duidelik na vore, naamlik die vindingrykheid van Ruiters, soos wanneer hy onder die water wegkruip en deur ′n rietjie asemhaal. Sy woorde lê ook klem op nog ′n eienskap wat by sekere skelms teenwoordig is, naamlik ′n parmantige, byna tergerige optrede teenoor die verteenwoordigers van gesag.

Ouma Rachel Booysen verskaf nog ′n voorbeeld van hierdie parmantigheid in haar vertelling:

> Hy′t dan vir die magistraat gesê, jy moet ophou lê. Toe los hy ′n briefie in sy skoene. Jy moet ophou lê, en doen jou werk. Hy′t vir die magistraat geskryf. Sê jy hoe het hy daar binne gekom. In die magistraat se huis. Toe lê hy in sy kamer. Hy het gelê en slaap. In die dag in. Jy moet ophou lê en doen jou werk.

Wat egter ook duidelik na vore tree in Oom Stephen se vertelling, en in van die ander vertellings gesuggereer word, is die magiese kant van Ruiters se optrede – dat hy naamlik die vermoë gehad het om homself onsigbaar te maak:

> Ja, ek het hom al gesien, gegroet ook. Maar hy gesels lekker met jou. Jy sal nie dink hy is hierdie tipe klas man nie. Die poliese is nou hier. Jy siet hom nie weer nie. Dan vra hulle vir jou, wie het daar gesit? Nou sê jy, want jy wis mos nie wat aangaan nie. Nee, dis dinges. Waar′s hy nou? Nee, ek weet nie. Waar hy nou is nie. So is hy.
>
> Dan siet hulle hom – daar loop hy. Daar gaat die man wat hulle soek. Dan roep hy na hulle, "Nee, dis ek." Kom hulle daar waar hy geroep het, dan is hy nie daar nie. Dan loop hy weer ′n hele ent, dan skree hy weer terug, "Hier is ek!" So lei hy hulle. Hulle is moeg vanaand, en niks gemaak nie. Partymaal loop hy by hulle. Nee, hy het natuurlik daai boontjie gehad, soos die slim mense sê, wat jou laat wegraak. Hulle sê die takelosies dra hom ook. Dan raak jy net weg. As jy hom uithaal, dan sien jy, daar loop ek weer.
>
> Jy gooi hom net in jou mond, dan verdwyn jy net daar waar jy sit. Dan sit jy nog altyd daar. Ek wat daar inkom, kan nie jou sien nie. Hy siet nou net ons paartjies hier. Waar het die man dan nou verdwyn? Nee, ons weet ook nie. Hier sit ons net en luister. Lekker. As die man uitgaan, haal jy hom uit. "Nee God, hier sit die man." So was hy nou.
>
> Ek het hom maar die dag gesien daar by die rivier. Toe hoor ek ook maar sy naam is Ruitertjie, Ruitertjie Ruiters. Ek het nooit met hom gesels nie. Daar is nie tyd nie. Hy bly besig.

Ruiters se vermoë om hom onsigbaar te maak, hou verband met nog ′n deel van die legende rondom hom, naamlik dat hy al die geld wat hy gesteel het, iewers in ′n

moeilik bereikbare bakkrans in die Kougaberge versteek het. Die idee van versteekte rykdom is ’n motief wat ook by ander skelms voorkom, soos reeds gesien is met verwysing na Bertram hierbo. In die geval van Ruiters vertel Ouma Rachel Booysen dat hy wou gehad het haar man moet hom help om by die bakkrans uit te kom waar die geld versteek is. Sy vertel ook hoe hy die geld in die hande gekry het: “Kyk, hy het ’n iets gehad by hom. Hy’t iets gedra by hom. Dan kry die mense, dan siet die mense hom nie. Dan gaat hy in die bank in, sê. Hy gaan bank toe. Gaat haal hy daar geld. Vat hy daai geld, berge toe. Hhmm, Ruiter was stout.”

Die “iets” wat hy by hom gedra het, was ’n “boontjie” waarmee hy hom onsigbaar gemaak het, soos Ouma Rachel verder vertel:

> Hy wat Ruiter Ruiters is. Vertel hy nou hoe het hy getrewwel… deur die wêreld. Hy ken baie plekke. Nee, hy ken baie plekke. Ander mense wat nou lekker kan beduie, hulle is nie nou meer daar nie. Ek kan mos nie lekker beduie nie.
>
> Ou Ruiter Ruiters, hy was nou rêrig ’n lieflike mens. Ek meen, hy het ons nie gehinder nie. Niemand gehinder nie. Hy’t nou maar net sy dinge gedoen, en sy spele gespeel wat hy gevoel het om te speel.
>
> Hy’t *een*maal ’n meisie gehad. Dis daai plek se meisie wat hy gehad het. Wat ek nou van gepraat het. Hy’t by daai meisie daai boontjie gekry. Hy’t daai boontjie by daai meisie gekry. Stap hy waar hy wil. Niemand siet hom nie. Sy was in Amerika. Hulle’t mos nou daar uitmekaar uit gegaan. En toe kom hy hierdie kant om. Daai boontjie, jong.
>
> Ja, maar ’n mens kan dit maar glo. Kyk, toe die boontjie nou weg is, kan hy nie meer daai spele speel nie. Hy’t mos so gespeel dat ons hom nie moet sien nie. En toe daai boontjie weg is, kan hy nie meer so wegraak nie. Ek weet nou nie hoe het dit gekom dat die boontjie weggeraak het nie.

’n Variant waarin die klem val op Ruiters se beheersing van ongewone magte, word verskaf deur Oupa Mandjies Swartz:

> As jy hom hier gaan soek, dan sê hulle hy was nou hier, en as jy daar kom, dan sien hulle dit is ’n hond wat daar loop. So was daai dinge. Dan is hy ’n hond. As die mense sê, Ruiters, nou was Ruiters daar, dan gaan die boere met die perde, as hulle daar kom, dan klim hy weer daar af, op ’n bobbejaan se pad. Hy verander hom in als. Soos, voor ek daar getrek het, hoor ek, toe hoor ek hulle sê, “Ja, deur sy vrou se onthalwe, het hy hom weer menslik gemaak. Het hy homself gaan weggee.” Hulle kry hom nie gevang nie. Jy kan hom nou daar sien, daar gaat hy in die huis in, daar by die mense.
>
> Hy doen nie kwaad nie. Hy steel, hy doen niks. Die mense wil hom maar net vang oor hulle sien daar’s hy en daar’s hy. Hy werk niks. Toe ek daar weggegaan het, toe hoor het hy homself maar uitgebring. Om sy vrou se onthalwe. Want toe hulle hom nie in die hande kan kry nie, wil hulle sy vrou opsluit. Hy het hier in

> Kareedouw gebly. Hy was nog nie hier [in Baviaanskloof] nie, maar ek het hom daar gesien, daar by Haarlem, daar binnekant, daar's hy. Dan hoor hulle, hy's daar, dan hoor hulle, hy's daar oender, dan hoor hulle weer, hy is hier bo. Maar jy siet hom nie. As jy siet hom, maar as jy hom weer kry, dan's hy… hy verander hom. Hy sal nou hier inkom, dan's hy 'n kat. Of 'n hond. Ja, so is dit.
>
> Hy gaat daar waar die leraar lê en slaap, ek het ook maar net so gehoor, dan gaat hy daar in, dan vat hy net kos, hy vat nie ander goet nie. Dan skryf hy nog daar 'n brief. Hy skryf 'n brief: "Jy moet nie neuk met jou volkies." Dis Ruiter Ruiters. Daar gaat hy. Ruiter Ruiters.

Miskien die mees verrassende omtrent Ruiters se vermoë om homself te "verander", of in ander vorms om te toor, word verskaf deur Oom Stephen Witbooi:

> Nee, hy raak sommer nou hier weg, dan weet jy glad nie watter kant toe hy is nie. Nee, hy sit hierso. Hy is nie weg nie. Of hy los vir jou daar by die boere vir jou goed, kos en iets om te eet. Jy eet ook maar, want jy weet nie waar dit vandaan kom nie.
>
> En hy het 'n groot man geword in die Wet. Ja, toe gebruik hulle hom later om die mense te vang. Hy het 'n ryk man geword. Sy vrou het vir hom… hy kry verniet kos daar in die tronk. Sy vrou bring vir hom kos. Hulle siet maar net die borde hier binnekant. Dis sy vrou.
>
> Ja-nee, hy was 'n ander ou. Ja, hy was later 'n groot man by die Wet gewees. Dan vang hy self mense. Hy was 'n slimkop ouman. Ja, sy verstand het reg gewerk. Hy het die wit mense aan die neus gelei, dit was nie dat hy wou kwaad doen nie. Hy het net guy gemaak, sports gemaak. So 'n klas tipe man. Hy het ook nie mense seergemaak nie, soos vandag se rowers nie. Of gesteel en geslag nie.
>
> Toe hulle hom nou, toe hy nou in die tronk opgelei is, toe het ek niks meer van hom gehoor nie. Hy is in die Baai, het hulle hom gehad, daar by die tronke, om mense te vang, skelms te vang wat hulle nie kon vang nie, dan vat hulle hom saam. Daarvan het ek niks van hom gehoor nie. Hy is seker al dood ook. Maar hy was 'n groot man. Sommer 'n sterk groot man.
>
> Hy't ook beginte grys raak. Enne die man se vrou loop beter as die mense wat werk, netjiese vrou, skoon, spoggerig as jy haar kry. Sy vrage by jou niks, want hy bring als. Sy vra niks by jou nie. Sy het 'n goeie lewe by hom gehad.

'n Bykomende interessantheid omtrent figure soos Ruiter Ruiters – en die manier waarop mense na hulle gekyk het – word verskaf deur Ant Hes Swartz en Ouma Saaisie Kleinbooi. Ouma Saaisie vertel dat sy haar karriedrom – 'n plastiekdrom waarin onwettige drank gemaak is – "Ruitertjie Ruiters" genoem het en Ant Hes vertel dat iemand anders hul drom ook genoem het na 'n skelm met die naam "Jonas Martin".

**Die vertelsituasie**

Wat nie uit die voorafgaande duidelik is nie, maar wat tog ′n essensiële deel van die oorlewering uitmaak, is die aard van die *vertelsituasie* waartydens hierdie vertellings geproduseer word. In al die gevalle was daar behalwe vir my, die onderhoudvoerder, en die informant, altyd ook ander mense teenwoordig wat na die vertelling geluister het. Wat in hierdie situasie opgeval het, was die duidelike verandering in toon wanneer die naam "Ruitertjie Ruiters" genoem word. Dit bring onmiddellik ′n oplewing in die gesprek en die atmosfeer.

Al die informante lewer hul vertellings oor Ruiters duidelik met groot genot, en as die gehoor gepas reageer, is dit duidelik dat die verteller nog meer moeite doen met die vertelling. In al die gevalle het die meeste luisteraars onmiddellik ′n glimlag op hul gesigte gekry as ′n informant oor Ruiters begin vertel en begin giggel en skater tydens die vertelling. Wanneer die verteller hierdie reaksie opmerk by sy of haar gehoor, kry hulle baie keer ′n stoute trek op die gesig en raak duidelik al meer meegevoer. Die waarnemer kry die indruk dat die deelnemers aan die vertelgebeurtenis op ′n diep emosionele vlak geraak word deur die vertelling.

In baie gevalle is dit duidelik dat die vertellers met Ruiters identifiseer en in ′n paar gevalle kry die hoorder die indruk dat die verteller op bepaalde punte in die vertelling eintlik oorskuif in die rol van Ruiters – dat dit die verteller is wat die brief in die magistraat se kamer gelaat het, wat vir die polisie skree, "hier is ek!", wat op die bank langs mens sit en onsigbaar word, ensovoorts. Hieruit blyk dat die aksies van Ruiters dinge is wat die vertellers – en die hoorders – self begeer het om te doen. Vir hulle is die veediefstal, of steel van geld uit ′n bank heel verstaanbaar op ′n sekere vlak.

Die manier waarop daar klem gelê word op die feit dat Ruiters nooit gewelddadig opgetree het nie, dien duidelik ook die funksie om die identifikasie met hom te vergemaklik. Dat twee van die informante vertel dat Ruiters later by die magte van die orde aangesluit het en begin help het om misdadigers aan te keer, ondersteun so ′n siening. Hiermee gee die vertellers te kenne dat die "stoutgeit" en skelmheid van Ruiters (waarmee hulle identifiseer) nie eenduidig misdadig is nie, maar iets is wat mens van enige redelike mens in sy situasie sou verwag. Hul identifisering met Ruiters vloei dus nie voort uit ′n eensydige antagonisme ten opsigte van die idee van orde en beskawing nie.

**Aard van vertellings**

Een van die eerste dinge wat by die vertellings opval, is die afwykings van die feitelike gegewens, oftewel, hoe die vertellings mekaar op ′n feitelike vlak weerspreek. Volgens een informant het Ruiters Amerika toe gegaan waar hy ′n verhouding met ′n vrou gehad het, terwyl ′n ander vertel dat hy eintlik van Namakwaland kom. Van die

vertellers meen hy het nooit 'n vrou gehad nie, ander weer dat hy getroud was en dat dit juis ter wille van sy vrou was dat hy hom uiteindelik aan die polisie oorgegee het. Soos hierbo aangetoon is, het hy homself nie oorgegee nie, maar is hy na 'n uitgebreide soektog in 1948 gearresteer.

Deelname aan so 'n vertelgebeurtenis maak dit egter baie duidelik dat die feitelike minder belangrik is as die *emosionele*, vir almal wat by die vertelsituasie betrokke is – vertellers en toehoorders. Dit gaan nie in die eerste plek oor Ruiters, die biografiese figuur, nie, maar oor 'n reeks of stelsel gevoelens en waardes wat in die vertelling geaktiveer word.

Wat direk verband hou met hierdie kant van die vertelsituasie, is die blyke van *kreatiwiteit* by die vertellings. Die vertellers borduur by *in en tydens die vertelling* en bring elemente by soos dit hulle byval, en in 'n groot mate soos waarvoor hulle aflei die gehoor ontvanklik is. Hoe meer die meelewing, genot en reaksie, hoe lewendiger en interessanter word die vertelling, hoe luidrugtiger en uitbundiger die gespot.

'n Vraag wat in hierdie verband ontstaan, gaan oor die voedingsbron of -bronne van die kreatiwiteit van die onderskeie vertellers. Die ooreenkomste tussen die vertellings van die verskillende vertellers versterk die vermoede van 'n ander bykomende bron, benewens die konkrete Ruiters en die individuele kreatiewe talent van die onderskeie vertellers.

Alhoewel daar verskille in die vertellings is met betrekking tot feitelike gegewens oor die konkrete Ruiter Ruiters, stem die vertellings wel duidelik ooreen met betrekking tot die beeld van die aard of karakter van die "Ruiter Ruiters" wat uit hul vertellings na vore kom. Die Ruiter Ruiters van die oorlewering oor hom blyk 'n uitgeslape skelm te wees, maar een wat tog nie geneig tot geweld is nie. Die kwaad wat hy aanrig, is tot eiendom beperk. Die vertellers fokus ook nie op die misdade van Ruiters nie, maar op die maniere waarop hy telkemale ontsnap en die magte van die orde uitoorlê. Die klem val nie op die manier waarop hy die wet oortree nie, maar op die manier waarop hy deur vindingrykheid sy agtervolgers ontwyk en uitoorlê, onder andere met die gebruik van bonatuurlike hulpmiddels.

Verder plaas die vertellers klem op die speelsheid in sy optrede, asof hulle hom sien as eintlik gewikkel in 'n spel met die bestaande orde. In hierdie spel put hy sy vindingrykheid en sy kennis van die landskap teen dié van die magte van die orde – die boere, die polisie en die hof, in die persoon van die magistraat. Al bevind hy hom aan die verkeerde kant van die gereg, blyk dit dat sy optrede in die eerste plek gebaseer is op 'n nog meer basiese geregtigheid as dié van die bestaande orde. Deur sy dade maak hy die verteenwoordigers van die heersende orde daarvan bewus dat hulle geregtigheid nie so vanselfsprekend regverdig is as wat hulle waarskynlik meen dit is nie.

'n Eerste raam waarbinne die oorlewering oor Ruiters geplaas kan word, is dié van die skelm of die *picaro*, die "sociale verschoppeling" of anti-held (Van Gorp et al

1998: 335). 'n Verwante raam wat meer direk van toepassing is op die Ruiters-figuur, is egter dié van die *trickster* of verneuker. In die Europese tradisie is Reinaart die vos en Tyl Uilspieël twee bekende voorbeelde. In die Afrika-tradisie is 'n hele aantal bekend: Anansi, /Kaggen, Heitsi-Eibib/Heiseb, Hlakanyana, ensovoorts. Hoe alomteenwoordig die ingesteldhede is wat met verneuker-figuur geassosieer word, spreek uit die feit dat ooreenkomste tussen die Zoeloe-Hlakanyana en die Griekse Hermes aangetoon kan word (Canonici 1994).

In die geval van Ruiter Ruiters maak dit egter sin om die oorlewering oor hom in die eerste plek in verband te bring met die Khoe-tradisie, aangesien die bevolking waarin die Ruiters-oorlewering bestaan, nasate is van die Oos-Kaapse Khoekhoen.

Waar dit die Khoekhoen aangaan, is die bekendste verneuker-figuur, dié van Heitsi-Eibib. Die uitvoerigste en mees volledige studie oor Heitsi-Eibib, en veral oor Haiseb, die naam waaronder Heitsi-Eibib onder die Damara in Namibië bekendstaan, is Sigrid Schmidt se boek, *Als die Tiere noch Menschen waren* (1995). Schmidt meen dat die Haiseb-tradisie die mees outentieke oorlewering van Heitsi-Eibib is, aangesien daar min van Heitsi-Eibib oorgebly het onder die Nama-bevolking vanweë 'n groter mate van verwestering.

Schmidt teken Haiseb duidelik as 'n *trickster*-figuur, 'n "skelm" van die opperste water. Haiseb se skelmheid is egter, net soos in "Ruiter Ruiters" se geval, nie van 'n eenduidige aard nie. Terwyl sy bedrog en skelmstreke soms bloot vir die pret plaasvind, en soms tot sy eie nadeel uitwerk, het dit in baie gevalle die bevryding van mense as doelwit, soos in die verhale oor die stryd tussen Haiseb en die leeu (Schmidt 1995: 31-33), Haiseb wat vuur van die volstruis steel ("Haiseb stiehlt das Feuer", Schmidt 1995: 44), Haiseb wat die Klipspringers uitoorlê ("Haiseb und die Klippspringer-Mädchen", Schmidt 1995: 22-24). Die basisverhaal van Haiseb se bevrydingsaktiwiteite is die verhaal oor sy stryd met ≠Gâ≠gorib ("Haiseb und der Ins-Loch-Stürzer", Schmidt 1995: 76-77).

Haiseb se skelmstreke het egter nie slegs die bevryding van mense tot gevolg nie, maar ook 'n nog meer fundamentele uitwerking, naamlik die skepping van die wêreld. In een verhaal probeer Haiseb die bye uitoorlê, maar word uitgevang. Die verhaal eindig waar hy sy harsings oor die wêreld strooi en gebied dat al die bome, plante en diere daaruit te voorskyn moet kom (Schmidt 1995: 40-43). In "Als Sterne, Mond und Sonne aus Haiseb emporstiegen" uitoorlê Haiseb diere wat mense oor 'n afgrond laat dans en opeet. Wanneer hy sy masker laat val en openbaar wie hy eintlik is, ontstaan die wêreld soos ons dit vandag ken (Schmidt 1995: 20-22).

Alhoewel daar 'n ernstiger kant aan Haiseb is, maak Schmidt dit duidelik dat die ander, skelm kant van die figuur eintlik belangriker is. Volgens haar is dit nie die oënskynlik meer gewigtige dinge wat in die sentrum van die verhale staan nie, maar die *trick*, wat sy met die werking van 'n grap vergelyk (Schmidt 1995: 181). Sy beskryf ook hoe vorige ondersoekers van die tradisie verkeerd geoordeel en geïnterpreteer

het omdat hulle nie bewus was van die vertelsituasie nie en van die mimiek, stemveranderings en gebare wat daarmee gepaard gaan nie (Schmidt 1995: 178-179).

Wat Schmidt te sê het oor die belangrikheid van die aard van die vertelsituasie is van toepassing by die vertellings oor Ruiter Ruiters, waar dit nie die feitelike is wat belangrik is nie, maar die *trick*, en daarmee saam, die verteller en die gehoor se deelname en identifikasie daarmee. Maar wat baie van wat sy oor die "inhoudelike" sy van die Haiseb-figuur skryf, is van toepassing op die Ruiter Ruiters-oorlewering:

> Naas [die ernstige, mitiese Haiseb] staan dan hierdie Haiseb met sy kinderagtige, onvolwasse kante wat egoïsties die sosiale norme verontagsaam, melk uit vreemde huise steel, wat lieg en bedrieg om die kos alles vir homself te hou. Hier kry hy gevolglik straf, en gereeld genoeg moet sy vroue hom uit die moeilikheid help. Die wesentlike van die Nama/Damara-Haiseb is hoe konstant hierdie verskillende aspekte op 'n kaleidoskopiese manier in mekaar oorgaan. Die vertellers ervaar dit self so, want in 'n vertelling wissel hulle tussen die dom, gierige Haiseb na die skepper- of kultuurheldedade. Die reaksie wissel van simpatieke vergifnis vir die kinderlike tot by angs en respek (Schmidt 1995: 229).[1]

Wat nog nie genoem is nie, is die rol wat die motief van transformasie in die onderskeie tradisies speel. Haiseb verander homself byvoorbeeld in, onder andere, 'n pot (Schmidt 1995: 35, 66, 68, 126) en voed sy familie met vlees van sy eie liggaam (Schmidt 1995: 72-73). In die Ruiters-oorlewering hierbo sien ons iets soortgelyk by Ruiters wat hom in 'n hond of 'n kat verander.

Terwyl die ooreenkomste tussen die Haiseb-tradisie en dié oor Ruiters dui op 'n kulturele verwantskap tussen die hedendaagse informante en die voorafgaande Khoekhoen-bevolking, is daar elemente in die Ruiters-oorlewering wat nie op hierdie manier verklaar kan word nie, naamlik Ruiters se vermoë om hom onsigbaar te maak. Wat rigtinggewend in hierdie verband is, is die "dingetjie" of "boontjie" wat hy het en wat hom onsigbaar maak wanneer hy dit in sy kies sit. Die motief van die "dingetjie" in die kies wat met spesiale magte geassosieer word, bestaan in die eerste plek in die tokkelossie-tradisie, wat met die Nguni-kultuur geassosieer word (Coetzee 1949: 54-55; Hammond-Tooke 1974: 338; Schmidt 1998).

Ten minste twee van die informante met wie onderhoude gevoer is, het vertel van die tokkelossie (deur die informante "takelosie" genoem) wat hom onsigbaar maak met behulp van 'n dingetjie – 'n boontjie of albaster – wat hy in sy kies sit. Die manier waarop die boontjie-motief en die gepaardgaande onsigbaarheid uit die tokkelossie-tradisie by die Ruiters-oorlewering gebruik word, dui op kontak met en beïnvloeding deur die Nguni-kultuur. Dit is iets wat ook nie anders kan wees nie. Die gemeenskap waarin die Ruiters-oorlewering bestaan, het 'n lang geskiedenis van kontak met die Nguni-kultuur. 'n Intrigerende byvoegsel wat hier genoem moet word, is die suggestie van Hammond-Tooke dat die tokkelossie deur die Nguni-kultuur ontleen

van die /Xam-kultuur is, en dat die oorsprong daarvan /Kaggen is, die oerverneuker van die Boesmans (Hammond-Tooke 1997).

Die opname van hierdie materiaal uit die Nguni-kultuur het egter ′n ingrypende uitwerking op die Ruiters-oorlewering wat dit in sekere opsigte meer verwant maak aan die Nguni-tradisie as aan die Khoe-tradisie. Schmidt (1995: 237) wys byvoorbeeld daarop dat verhaalkarakters wat oor "übernatürliche Eigenschaften oder Materialien" (bo-natuurlike eienskappe of materiaal) beskik, kenmerkend is van verhale uit die Afrika-tradisie, eerder as uit die Khoe-tradisie.

**Slot**

Uiteindelik is die Ruiter Ruiters-oorlewering ′n fassinerende deel van die Suid-Afrikaanse kulturele landskap waar gesien kan word hoe die samevloeiing of samevoeging van ten minste drie "kultuurstrome" ′n unieke resultaat tot gevolg het. Die drie "kultuurstrome" waarna hier verwys word, is in die eerste plek die Europese (of Afro-Europese), in die tweede plek die Khoe, en in die derde plek die Nguni-tradisie.

In die eerste plek bestaan die Ruiters-oorlewering (uitsluitlik) in *Afrikaans.* Dié taal waarvan die basis oorgebring is van Europa na Afrika toe, funksioneer as die (taal)medium of kode waarin die oorlewering tot uiting kom en voortbestaan.

In die tweede plek benut die oorlewering die Khoe-kultuur in die vorm van die Haiseb-tradisie wat as *narratiewe* basis vir die oorlewering funksioneer. Wat dus eintlik vertel word wanneer stories oor Ruiter Ruiters vertel word, is die verhaal van Haiseb, of Heitsi-Eibib. Die oorlewering wys in hierdie opsig hoe ver die Khoe-kultuur na die agtergrond gedwing is én tegelykertyd as vormende basis bly voortbestaan. In die Ruiters-oorlewering kan die hoorder dus in kontak kom met ′n flou afskynsel van ′n kultuur wat eens in Suid-Afrika bestaan het.

In die derde plek word die Nguni-kultuur benut vir narratiewe *materiaal* of inhoud, naamlik die motief van ′n karakter wat die kapasiteit het om homself onsigbaar te maak. Die aanwesigheid van hierdie faset in die oorlewering beteken dat wanneer verhale oor Ruitertjie Ruiters vertel word, dit nie net die verhaal van Heitsi-Eibib is wat vertel word nie, maar ook dié van tokkelossie. In hoe ′n mate die groter klem wat hierdeur op die magiese val, veroorsaak dat die Khoe-aard van die oorlewering deur die Nguni-erfenis verdring word, is ′n vraag wat nie hier beantwoord kan word nie.

Hoe daar ookal geoordeel word oor die kulturele aard van die oorlewering, die uiteindelike resultaat is ′n fassinerende samevoeging van kulturele materiaal wat nie behoort tot een van die drie genoemde stromings afsonderlik nie, maar ′n unieke *samevoeging* is: dit is nie nét Khoe, of nét (Afro)-Europees of nét Nguni nie, maar ′n unieke samevoeging "tussen" hierdie drie Suid-Afrikaanse kultuurstrome, ′n produk van die geskiedenis, eg "Suid-Afrikaans". Wanneer Schmidt uiteindelik oor die Haiseb-tradisie sê dat sy dit weens die veelkantige aard van die Haiseb-figuur veel

interessanter en meer fassinerend vind as ander Afrika-tradisies waarin die skelm figureer (Schmidt 1995: 239), kon sy maar net sowel oor die Ruiter Ruiters-oorlewering gepraat het. Met hierdie tradisie word die Haiseb/Heitsi-Eibib-erfenis – en dié van Tokkelossie – met nog 'n faset verryk.

**Bedanking**

Hiermee word die geldelike bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) erken, waarsonder die navorsing nie moontlik sou gewees het nie. Dank word ook uitgespreek teenoor stamhoof Margaret Coetzee en hoofman Piet Booysen van die Inkwahuis vir hul bystand. Dit is egter veral die informante wat my so gasvry in hul wonings ontvang het, aan wie ek my dankbaarheid uitspreek.

**Aantekening**

1. "Daneben steht dann der Haiseb mit seinen kindlich-unausgegorenen Seiten, der egoistisch die sozialen Normen leugnet, Milch in fremden Häusern stiehlt, der lügt und betrügt, um das Essen für sich allein zu haben. Hier erntet er entsprechend Prügel, und oft genug müssen seine Frauen ihm aus der Klemme helfen. Das Wesentliche am Nama/Damara-Haiseb ist, wie ständig dessen viele Aspekte kaleidoskopartig ineinander übergehen. Die Erzähler empfinden das selbst so, denn innerhalb einer Erzählung wechseln sie vom dummen, gierigen Haiseb zu dessen Schöpfer- oder Kulturheroentaten. Die Reaktion schwankt von liebevoll das Kindliche verzeihend bis zu Furcht, Ehrfurcht." (Schmidt 1995: 229)

**Bronnelys**

*A. Onderhoude*

Ouma Maria (Saaisie) Kleinbooi, 1.2.2004, Zandvlakte, Baviaanskloof.
Ant Hes Swartz, 1.2.2004, Zandvlakte, Baviaanskloof.
Ouma Rachel Booysen, 12.5.2004, Gelvandale, Port Elizabeth.
Oupa Pieter Abrahamse, 25.2.2004, Ravinia, Langkloof.
Oupa Stephen Witbooi, 24.2.2004, Bellevue, Avontuur, Langkloof.
Meneer Jan Kleynhans, 24.2.2004, Hopedale, Uniondale.
Meester Ben Blaauw, 10.3.2004, Bowlesstraat, Bloemendal, Port Elizabeth.
Mevrou Helen Loff, 23.2.2004, Uniondale.
Oupa Mandjies Swartz, 7.4.2004, Zandvlakte, Baviaanskloof.
Oupa Karel (Kaka) Prince, 31.1.2004, Zandvlakte, Baviaanskloof.

***B. Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Kaapstad***

Magistraatshof, Humansdorp:
Saak 93 van 1934 (Shopbreaking) – 1.HDP 1.1.1.60
Saak 264 van 1936 – 1.HDP 1.1.1.61
Saak 8 van 1937 (Aanranding met die doel om ernstig te beseer) – 1.HDP 1.1.1.61
Saak 22004 van 1940 (Veediefstal) – 1.HDP 1.1.1.63
Saak 75 van 1942 (O.A 8(3) van Wet 27 van 1882, Aanranding) – 1.HDP 1.1.1.64
Saak 91 van 1942 – 1.HDP 1.1.1.64
Saak 107 van 1948 (88 klagtes: Huisbraak, diefstal, veediefstal, kwaadwillige beskadiging van eiendom) – 1.HDP 1.1.1.67

*C. Koerante*

Aanhalings uit die volgende koerante word in die teks aangedui met die meegaande afkorting:
*Uitenhage Times* – UT

*Willowmore Advertiser* – WMA
*Willowmore Chronicle and Boerenvriend* – WMC
*Humansdorp Advertiser* - HDA
*Die Re-Echo* – RE

***D. Koerantartikels oor Ruiter Ruiters***


Farmer shoots at escaping stock thief at Karreedouw. *Humansdorp Advertiser* 23.1.1947

Ruiters still on the rampage. *Humansdorp Advertiser* 20.2.1947

Notorious mountain robber raids again. Ruiters steals a revolver. *Humansdorp Advertiser* 8.5.1947.

Hunt for Ruiter Ruiters on in earnest. *Humansdorp Advertiser* 2.2.1948.

Ruiters. Lion of the Longkloof. Supplement, *Humansdorp Advertiser* 19.2.1948

Ruiter Ruiters voor die hof. *Die Re-Echo* 17.3.1948.

Ruiter Ruiters. *Humansdorp Advertiser* 18.3.1948

Ruiter Ruiters voor die hof. Verdere getuienis in voorlopige ondersoek. *Die Re-Echo* 24.3.1948.

Voorlopige ondersoek teen Ruiters (vervolg). *Die Re-Echo* 31.3.1948.

Ruiter Ruiters tot gewoontemisdadiger deur strafhof verklaar. *Die Re-Echo* 22.9.1948.

How the 'Lion of Longkloof' closed with the police. Semi-official narrative of capture of Ruiters. *Humansdorp Advertiser* 28.4.1949.


***E. Boeke en artikels***


Aucamp, Hennie. 1987. Die mitologisering van Dirk Ligter. In Aucamp, Hennie. *Dagblad*. Pretoria: HAUM-Literêr. (Oorspronklik verskyn in *Standpunte* 34 (5), 1981).

Canonici, N.N. 1994. Hermes and the Zulu tricksters. *Southern African Journal for Folklore Studies* 5: 1-5.

Coetzee, Abel. 1949. *Ons volkslewe. Volkskundige opstelle*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Green, Lawrence G. 1955. *Karoo. The Story of the Karoos of South Africa – the Great Karoo, the Little Karoo and the far corners of the North West Cape and Namaqualand*. Cape Town: Howard Timmins.

Hammond-Tooke, W.D. (ed.). 1974 [1937]. *The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa*. London: Routledge & Kegan Paul.

_____. 1997. Whatever happened to /Kaggen? A note on Khoisan/Cape Nguni borrowing. *South African Archaeological Bulletin* 52: 122-124.

Kotzé, G.M. 1976. Legendariese figure uit Namakwaland. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 32 (1): 20-25.

Penn, Nigel. 1999. *Rogues, Rebels and Runaways. Eighteenth Century Cape Characters*. Cape Town: David Philip.

Schmidt, Sigrid. 1995. *Als die Tiere noch Menschen waren. Urzeit- und Trickstergeschichten der Damara und Nama in Namibia*. *Afrika erzählt. Band 3*. Köln: Rüdiger Köppe Verlag.

_____. 1998. Nama and Damara Legends about Tokolossi: Historical roots and present anxieties. In Schladt, Mathias. (ed.). *Language, Identity and Conceptualization among the Khoisan*. Keulen: Rüdiger Köppe Verlag, 399-420.

Van Gorp, H., Ghesquire, R. & Delabastita, D. 1998. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Martinus Nijhoff.